Sing vooraf: Skrifberyming 2-4:1.

Wat 'n liefde en volheidslewe,
waar ons bly ons in beroem,
het die **Vader** ons gegewe
dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié
wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie
as hul hoogste goed begeer nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.
Amen.

Lofpsalm 89:1, 11

-1-
Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing,
en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het,
so rys die eewge guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie,
so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

-11-
Hy sal dit uitroep: HEER, U is my **Vader** trou,
my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore,
wat Ek tot koning van die konings het verkore.
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig,
my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.

Gebed.

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 4:3
Skrifberyming 15-5:1,7

-1-
Die **Seun** van God, die hoogste Heer,
Hy send sy magbevele neer!
Sy oog is soos 'n vlam van vuur,
sy voet soos koper, blink geskuur

-7-
Boodskapper van die dag wat kom,
die môrester, gee Ek aan hom.
Ontwaak dan, slapers van die nag,
gee op die Gees se roepstem ag!

Skriflesing: 01 Petrus 01.
Teks: Kategismus Sondag 08. 1 Petrus 1:2

> **...uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!** (1 Petrus 1:2 AFR1953)

Ons aanbid die Drie-Enige God wat ons aan die begin van elke erediens in sy Drie-Eenheid seënend groet, en ons weer aan die einde van die diens met sy seën wegstuur om in die wêreld volgens sy seën te gaan lewe.

Omdat daar soveel seën van God af op die kerk afkom, moet die Kerk die Here ook reg ken en reg bely en moet die prediking die Here ook in sy ware Godheid verkondig.

Om God reg te kan ken, het ons net een bron waarvandaan ons Hom kan ken, en dit is Hyself wat Hom aan ons openbaar.

- Hy openbaar Hom op verskillende maniere aan ons.
- Hy openbaar Hom in sy Woord - dit is die Bybel.
    - Saam met die Woord gaan die inwerking van die Heilige Gees.
    - Die Heilige Gees is God self wat in ons werk.
- Dan openbaar die Here Hom ook nog deur die natuur waar ons in die skepping kan sien Wie Hy is en hoe magtig Hy is.

Romeine 1:19, 20 leer ons dat dinge soos die ewigdurende krag van God en dat Hy waarlik God is, uit die skepping geken kan word. Die Bybel voeg dan by dat daar dus vir geen mens 'n verskoning is as hy God nie geken en aanbid het nie.

> **Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister.** (Romeine 1:18-21 AFR1953)

Daar is verskeie uitsprake waaruit dit duidelik word dat die Seun - ons Here Jesus Christus – een is met God die Vader. Uit hierdie Bybelgedeeltes weet ons dus dat die Here Jesus God is. Dink aan die volgende uitsprake in die Bybel:

> **Hieroor het die Jode toe nog meer probeer om Hom dood te maak, omdat Hy nie alleen die sabbat gebreek het nie, maar ook God sy eie Vader genoem het en Hom met God gelykgestel het.** (Johannes 5:18 AFR1953)
>
> **...het Jesus, omdat Hy wis dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God heengaan,** (Johannes 13:3 AFR1953)

Die Here openbaar dat iemand wat die Here Jesus ontken as God, daarmee God self ontken - en dus verlore gaan!

> **Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.** (1 Johannes 2:23 AFR1953)

Ons ken die Heilige Gees ook as God. Hy is die derde Persoon van die Godheid. Die Here openbaar Hom so:

> **Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God.** (1 Korintiërs 2:11 AFR1953)

Die Heilige Gees openbaar die Here se Wese en sy wil dus aan ons. Dink aan hoe die Here die profete gelei het:

> **Daarop het Moses aan die kinders van Israel gesê: Kyk, die HERE het Besáleël, die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Juda, by sy naam geroep; en Hy het hom met die Gees van God vervul, met wysheid, met verstand en met kennis en bekwaamheid vir allerhande werk;** (Eksodus 35:30-31 AFR1953)

Die Heilige Gees is God self wat ons leer ons om te weet en te doen wat God van ons verwag. Hy maak van ons kinders van God:

> **Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.** (Romeine 8:14 AFR1953)

Deur sy Gees se inwoning is God alomteenwoordig in ons. Onthou maar net wat die Here openbaar in een van die briewe aan die gemeente in Korinte:

> **Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?** (1 Korintiërs 3:16 AFR1953)

Die Here openbaar Hom ook as ons Vader. Dink hier aan iets wat die Heilige Gees deur Petrus se pen neergeskryf het:

> **En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap;"** (1 Petrus 1:17 AFR1953)

Die Here openbaar Hom as ons Vader omdat Hy ons lief het en ons deur die versoening deur die Here Jesus sy kinders maak.

- Die Here Jesus gee ons ook die opdrag om God te aanbid as **"Ons Vader wat in die hemele is."**
- Dus God openbaar Homself in die Bybel as ons Vader.
- Hy doen dit ook in die sakramente. In die sakramente bevestig Hy sy Vaderskap oor ons deur die dood van sy Seun.

Dit is waarom ons elke Sondagoggend ons erediens begin met 'n jubelende belydenis: ***Ek glo in God die Vader! Die Almagtige! Die Skepper van hemel en aarde!***

- Ek glo in God wat alles geskape het tot sy eer.
- 'n Vader wat vir ons 'n skepping voorberei het, sodat ons daarop mag woon.
- Ons bely Hom as die Almagtige omdat Hy alles wat bestaan uit niks geskape het, en omdat Hy alles nog steeds in stand hou en regeer.

Teenoor hierdie almagtige God staan ons. Nie net nie almagtig nie. Ons staan voor Hom heeltemal onmagtig.

- Ons kan nie skep nie.
- Ons kan nie lewe maak nie.
- Ons kan nie eers die skepping bewaar soos wat die Here ons beveel het nie.

Daarom is daar vir ons soveel troos daarin dat Ons God die Almagtige as ons Vader kan bely.

- Hy, met daardie Goddelike almag van Hom, ruk my uit die sonde uit.
- Hy gaan my liggaam, wat na my dood begrawe gaan word, aan die einde van die aardse tyd uit die aarde tot lewe beveel.
- Ek weet dat hierdie Almagtige my tydens my aardse lewe deur my beproewinge gaan dra.
- En ek weet dat God se almag my in die ewigheid met heerlikheid gaan beklee.
- Hierdie Almagtige maak my sy kind - ek wat eintlik net tot sonde in staat is.

Dit bring ons by die toepassing van hierdie saak.

- Ons lewe is nie altyd reg nie.
- Dikwels kamp ons God en Satan saam in ons lewe in:
    - Ons sê ons glo, maar ons doen dinge wat nie pas by mense wat kinders van die Almagtige is nie.
    - Ons maak asof God nie ons moedswilligheid kan of sal straf nie.

Ons moet net besef dat die feit dat die Here Jesus Christus ons God se kinders gemaak het, maak dat God ons juis sal straf tot bekering - Hy wil nie ongehoorsame kinders in sy huishouding hê nie.

- In 1 Korintiërs 10: 20, 21 vra die apostel Paulus vir die Grieke wat in Korinte bly hoe op aarde hulle dit kan regkry om met die een hand aan God vas te klou, en met die ander hand aan die sonde.
- Hy sê dat dit tog onmoontlik is dat God 'n bondgenootskap met die Satan kan aangaan.
- Dit beteken maar net dat dit nie moontlik is dat 'n gelowige soos 'n wêreldmens kan lewe nie.

As ons dan bely dat ons glo in God die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde, moet ons na onsself kyk en sien of ons leef en lyk soos mense wat aan hierdie God van ons belydenis behoort.
Die almag van God beteken nie dat Hy altyd gaan aanhou om verdraagsaam te wees teenoor die sonde nie. Ons moet onthou dat die oordeel oor die sonde en die magte van die hel ook onder die almag van God val.

- Dit is die almag van God wat die duiwel en die dood en die doderyk saam met almal wat teen God gesondig het in die hel gaan werp.
- Dit is die almag van God wat hierdie magte in die doderyk gaan beseël tot in ewigheid.
- Dis met almag wat God oor die wat geen berou het oor hulle sondes nie, sy straf gaan uitoefen.

Dien God die Almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde na die heel beste van u vermoëns, sodat u belydenis klop met u lewe.

- Dan is God vir u 'n Vader, en u is vir God seuns en dogters.
- Die Skepper kyk na u.
- Die Vader versorg u.
- Die Almagtige skenk aan u die ewige lewe.

Kom ons lees ons belydenis Kat. Sond 8 saam.

> ***Vraag 24: Hoe word hierdie artikels ingedeel?***
> *Antwoord: In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.*
>
> ***Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees (a)?***
> *Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het (b) dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.*
> *(a)Deut 6:4; Ef 4:6; Jes 44:6; 45:5; 1 Kor 8:4, 6. (b) Jes 61:1; Luk 4:18; Gen 1:2, 3; Ps 33:6; Jes 48:16; Matt 3:16, 17; 28:19; 1 Joh 5:7; Jes 6:1, 3; Joh 14:26; 15:26; 2 Kor 13:13; Gal 4:6; Ef 2:l8; Tit 3:5, 6.*

Amen.

Slotgebed.

Skrifberyming 1-1:1

-1-
Geseënd sy bo alle dinge
die eewge God en **Vader**! Hy
het in die hemel seëninge
vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore
en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore
voordat daar tyd of wêreld was.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.
Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 24 Junie 2007